

Parasietbesmetting in die wintermaande

Verskaf deur Kyron Agri

Interne parasiete wat in die winter voorkom, sluit lewerslak (*Fasciola* sp) en peervormige maagslak (*Calicophoron microbothrium*) in. Rondewurmspesies soos bruin maagwurms in skape en beeste (*Teladorsagia circumscincta* en *Ostertagia ostertagia*), en bankrotwurms in skape (*Trichostrongylus* sp) kan in die winter probleme in die winterreënvalstreke veroorsaak.

Uitwendige parasiete wat in die wintermaande kan toeneem, is brandsiektemyte (*Psoroptes ovis*), 'n staatsbeheerde siekte, en bytende en suigende luise (*Damalinia* sp en *Linognathus* sp).

Alhoewel bosluisgetalle gedurende die wintermaande afneem, kan die onvolwasse larf- en nimfstadiums, wat nie altyd met die blote oog gesien kan word nie, nog op diere voorkom. Neusvliegjarwes (*Oestrus ovis*) kan gedurende die winter in skape se neusholtes oorwinter en probleme in die lente- en somermaande veroorsaak.

Sieketekens

Algemene sieketekens van inwendige parasiete is 'n verlaagde eetlus, gewigsverlies, diarree, bloedarmoede (bleek oogslimvliese) en lae proteïenvlakke wat as kwakkeel voorkom. Dit word veral waargeneem by hoë vlakke van rondewurm- en lewerslakbesmetting. Akute vrektes kan veral onder skape voorkom.

Waarneembare sieketekens van uitwendige parasietbesmetting hang af van die tipe parasiet. Tekens van luis- en mytbesmetting is baie soortgelyk, en sluit

in jeuk en aanhoudende krap en byt. In die geval van skape pluk die diere hul wol uit. In sommige gevalle kan letsels op die vel waargeneem word, en kan haar- en wolverlies voorkom en tot groot produksieverliese lei.

Teenwoordigheid van parasiete

Sekere diagnostiese metodes kan met die plaaslike veearts se hulp ingespan word. Miseierflotasie en -sedimentasie help om vas te stel watter inwendige parasiete teenwoordig is deur die eiers te identifiseer. Miseiertellings kan bepaal hoe hoog die besmetting is. Miseiersedimentasies word veral ingespan om lewerslak- en peervormige maagslakbesmetting te diagnoseer.

Indien diere geslag word of wanneer 'n nadoodse ondersoek gedoen word, kan die spysverteringskanaal (vanaf die blaarpens tot die dikderm) en lewer ondersoek word vir die teenwoordigheid van inwendige parasiete.

Om vas te stel watter uitwendige parasiete teenwoordig is, kan die vel tussen die hare of wol noukeurig ondersoek word vir uitwendige parasiete soos luise (bytend en suigend), sowel as die larf- en nimfstadiums van bosluis. 'n Velskraap van letsels kan mytbesmetting bepaal. Akkurate identifisering moet met 'n mikroskoop gedoen word.

Voorkoming en beheer

Om lewerslak- en peervormige maagslakbesmetting te voorkom, moet nat gebiede soos vleie en riviere gedurende die herfsmaande vermy word. By 'n verhoogde

voorkoms van lewerslakbesmetting, kan strategiese behandeling in die vroeë winter, sowat twee weke nadat die minimumtemperatuur onder 10°C gedaal het, gedoen word. Strategiese lewerslakbehandeling met 'n middel wat doeltreffend is teen volwasse stadiums, kan gedurende die vroeë lente gedoen word.

In die geval van luise kan die skeer van skape, alhoewel nie altyd moontlik nie, besmetting drasties laat afneem en moontlik voorkom.

'n Middel met triklabendasool kan gebruik word om die onvolwasse en volwasse stadiums van lewerslak in die dier te behandel. 'n Middel wat oksiklosanied of resorantel bevat, kan gebruik word om die onvolwasse en volwasse stadiums van peervormige maagslak te behandel.

'n Middel wat enige van die makrosikliese laktone (soos ivermektien, doramektien of abamektien) bevat, sal doeltreffend wees teen suigende luise en myte op skape, maar nie teen bytende luise nie.

Dit is belangrik om die lewensiklus van parasiete te verstaan en die regte behandeling toe te pas. In die geval van brandsiektemyte moet 'n opvolgbehandeling 11 tot 14 dae later toegedien word. Maak ook seker dat elke dier behandel is deur die diere te merk, aangesien een onbehandelde dier tot verdere besmetting kan lei. VP

Vir meer inligting, epos
dr JG Nel by jg.nel@kyronagri.com
of skakel 012 346 2095.

Reg. No. G4148 Act 36/1947

LEVOXY 5,9%

Roundworm, liver fluke and conical fluke remedy for cattle and sheep

TRINEX PLUS 19,5%

BROAD SPECTRUM ANTHELMINTIC DRENTHIN FOR USE IN CATTLE, SHEEP & GOATS

GET ON TOP OF CONICAL FLUKE + LIVER FLUKE THIS SEASON!

Levoxy 5,9 % is a registered roundworm, liver fluke and conical fluke remedy for cattle and sheep

Trinex Plus 19,5 % is a registered roundworm, and liver fluke (all stages) remedy for cattle, sheep and goats

Reg. No. G3814 Act 36/1947
[NSD] V14/18.1.8/1244 Act 13/2003

Registration Holder: Kyron Animal Health (Pty) Ltd., Reg. No. 2004/021847/07, Unit 45C, 45 Parkview Street, Highway Business Park, Rooihuiskraal Ext. 31, Centurion, 0157, South Africa. Tel: 0861 247 463.